

NG Kerk maak preek-deur wyer oop



Ses jaar se teologiese studie en swoeg deur Grieks en Hebreeus is nie meer die enigste pad na die kansel in die NG Kerk nie, berig Retha Fick.



Alle dissipels van Jesus Christus is "gestuurdes" en die Heilige Gees werk in almal; dit is nie eksklusief tot sekere mense, soos dominees, beperk nie. As jy gedoop is, is jy geroep en deel van wat God in die wêreld doen.

Hierdie verstaan van missio Dei (die missie van God) – dat alle gelowiges deel van God se missie op aarde is – het oor die laaste dekades die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) se siening oor sy ampte wesenlik verander.

Die aanvaarding van missionale ekklesiologie het die grondslag geskep vir die verbreding van die ampte en 'n nuwe opleidingsbenadering. Waar ses jaar se teologiese opleiding, die ekwivalent van 'n meestersgraad, voorheen 'n vereiste was om 'n dominee te word en die bediening te betree, kan gewone lidmate nou vir verskillende vlakke van opleiding aanmeld en amptelik kwalifiseer om in gemeentes te werk – en selfs te preek.

"Die kerk het eeue lank hekwagter gespeel, vir vroue, vir 'n klomp mense. Nou sê die kerk ons het nog mense nodig wat diensbaar kan wees en ons gee vir julle goeie opleiding," sê ds. Jaco Botha, programkoördineerder van die Kerkgeakkrediteerde sertifikaat in teologie (Kast) aan die Hugenote Kollege in Wellington.

Botha verduidelik dat belydenisaflegging nie, soos wat dit dikwels in die gereformeerde tradisie beskou word, die finale wenstreep op die geloofspad is nie.

"Dit is eintlik die eerste hoofstuk. Die vraag is: Hoe kan jy ná jou belydenisaflegging as dissipel in Suid-Afrika 'n verskil maak? En hoe help die kerk jou om daardie verskil te maak?"

Niks nuuts nie

Leke-ampte is nie 'n nuwe ding in die kerk nie, verduidelik Botha. Deur die eeue heen is dit op verskeie maniere aangewend.

"In die 1700's al het jy ouderlinge gehad wat leespreke gedoen het. Meer onlangs is ouderlinge opgelei om 'n erediens te lei waar 'n gemeente tydelik nie 'n predikant het nie."

In 2012 het die algemene sinode (AS) se taakspan wat omsien na teologiese opleiding, die algemene kuratorium (AK), 'n versoek ontvang om jeugwerkers te legitimeer, en ernstige gesprekke oor die amptelike verbreding van die ampte het posgevat.

In 2019 het die AS die groen lig gegee dat die ampte uitgebrei word met die oog op "die versterking van die bediening in 'n groeiende diversiteit van kontekste" en die ampte van onder meer diensleeraar en bedienaar is bygevoeg.

"Hierdie sinodale besluit het ruimte geskep vir die opleiding van lidmate in vier bedieningsvelde: prediking, die versorging van die armes, pastorale sorg en jeugwerk," sê Botha.

'n Diensleeraar het 'n B-grad in teologie en is beroepbaar na gemeentes waar hulle bevestig word binne gefokusde bedienings. Hulle kan deelyds by die gemeente betrokke wees en steeds 'n beroep buite die gemeente beoefen of voltyds in die gemeente werk. Diensleeraars ontvang vergoeding.

'n Bedienaar is 'n vrywillige, deelyds



Gelowiges moet vra hoe jy ná jou belydenisaflegging as dissipel in Suid-Afrika 'n verskil kan maak, sê ds. Jaco Botha. Foto: KERKBODE



Die bedienaars is soos die klinieksusters. Hulle is opgelei en kan 'n klomp goed hanteer. Jou diensleeraars is soos dokters en die predikant is jou spesialis.

— PROF. HANNES KNOETZE



Meer mense het 'n roeping as net die dominee, sê prof. Hannes Knoetze. Foto: VERSKAF

werker wat nie 'n salaris ontvang nie. Opleiding vir bedienaars was deur afstandslere aan die Hugenote Kollege, maar Botha sê teen 2023 was die terugvoering uit gemeentes dat die bedienaars nie voldoende toegerus was om die kennis wat hulle verwerf het in die gemeentes toe te pas nie. Die taak om die kursusse te hersien en uit te brei het in 2024 op sy skouers geval.

Die Kast is 'n 18 maande lange kursus en die toelatingsvereiste is gr. 10. Die eerste gekwalifiseerde bedienaars wat die nuwe, aangepaste kursus voltooi het, word in September in die Noord-Kaapse sinodesitting bevestig.

Botha sê die jongste student in sy klas is 20 jaar oud en die oudste is 75. Sommige het meestersgrade, ander het geen opleiding nie.

“Daar is 'n skaapboer uit die Noord-Kaap, 'n stadsbeplanner uit Kaapstad; mense vanuit uiteenlopende kontekste. Daar is baie ouer vroue, want die kerk waarin hulle grootgeword het, het nie vroue in die amp toegelaat nie. Maar hulle het 'n sin van roeping wat hulle verder wil ontdek.”

'n Groot leemte

Een van die aanvanklike doelwitte met die uitbreiding van die ampte was om weg te beweeg van 'n enkele predikant per gemeente na 'n bedieningspan, verduidelik prof. Hannes Knoetze, voorsitter van die AK.

“'n Dominee kan nie alles vir almal wees nie. Sekere lidmate vind dalk aanklank by 'n dominee en glad nie by die volgende een nie.”

Knoetze sê in die stad is die span-idee nog lewensvatbaar, maar op die platteland is daar gemeentes wat nie eens meer 'n voltydse predikant kan bekostig nie.

“Die Covid-19-pandemie het veral plattelandse gemeentes sleg getref. Baie gemeentes het finansiële begin swaarkry.”

Die NGK het ook te kampe met die breër Suid-Afrikaanse kontekste waarin mense minder kinders het en baie gesinne in die laaste jare landuit is.

“Gemeentes word al hoe kleiner. Ouers stuur hul kinders na stadskole. Groter boere koop kleiner boere uit, en so ontvolk die platteland.”

Baie jong, afgestudeerde predikante sien ook nie noodwendig hul weg oop na plattelandse gemeentes nie.

“In baie dorpe is daar nie meer goeie skole en hospitale nie. Goeie dokters is ver. Die paaie is sleg,” verduidelik Knoetze.

Nog 'n realiteit is dat minder jong mense teologie as 'n studierigting kies.

“Meer predikante tree nou af as wat daar teologiestudente is wat afstudeer. Toe ek afgestudeer het, sou daar tussen 60 en 80 studente net by Tukkies klaargemaak het. Deesdae is daar minder as 20 oor al drie die teologiese fakulteite (Tukkies, Stellenbosch en Bloemfontein) wat as eerste-loopbaan-studente

afstudeer.”

Die dominees van daardie groot klasse is nou op aftree-ouderdom (65).

“Dit laat 'n groot leemte in die bediening.”

Bedienaars vul nou hierdie gaping.

“Dit is leiers uit die gemeenskap, sê nou maar 'n boer of 'n motorwerktuigkundige wat reeds in die dorp of omliggende omgewing woon; mense wat eintlik al die jare 'n roeping gehad het, maar nie teologie kon gaan studeer nie en dit ook nie nou gaan doen nie. Ons lei hulle op en nou het jy 'n standvastige bediening, want die boer gaan nie somer trek nie.”

Droom verweselik

As 'n lidmaat al die jare 'n roeping gehad het wat hy of sy nie kon uitleef nie en hulle kry die geleentheid om dit te doen, is dit baie spesiaal, sê Knoetze.

“Dit is ongelooflik om te beleef. Hulle het 'n heel ander ingesteldheid. Dit is asof 'n droom verweselik is. Jy hoor die ongelooflikste stories.”

Kritiek is daar wel – mense wat bekommerd is oor die standaard van bediening.

“Maar dit is gewoonlik mense in bevoorregte posisies wat nie die werklikheid besef nie.”

Baie lidmate en selfs predikante verstaan ook nog nie waar die diensleerders en bedienaars inpas nie.

“Ek verduidelik dit altyd so: In baie plattelandse dorpe is daar nie 'n dokter nie, net 'n kliniek en 'n klinieksuster. As daar 'n krisis is, word jy na die naaste hospitaal gestuur wat 100 km weg kan wees. Daar is dalk 'n dokter, maar nie spesialis nie.

“Die bedienaars is soos die klinieksusters. Hulle is opgelei en kan 'n klomp goed hanteer. Jou diensleerders is soos dokters en die predikant is jou spesialis.”

Op dié manier kan meer mense in die kerk by bediening betrokke wees.

“Dit kom neer op lidmaatbemaatting. Meer mense het 'n roeping as net die dominee,” benadruk Knoetze.

Lidmate begin nou self verantwoordelikheid neem vir die bediening, sê Botha. En waar daar wel 'n leraar in die gemeente is en hy dalk aanvanklik bedreig voel, sien leraars gou dat hulle eintlik 'n spanmaat en gespreks-genoot bygekry het.

Maar daar was tog voorheen pogings om lidmate te bemaatig?

Botha sê kursusse soos die Ontdek jou gawes-kursus is gefragmenteerd ontvang, terwyl Kast met 'n holistiese benadering werk en 'n amptelike kwalifikasie is wat deur die AS goed-gekeur is.

“Kast is 'n formatiewe reis en bied die geleentheid dat jy op 'n amptelike manier in die gemeenskap ontvang kan word, met 'n kwalifikasie.”

Knoetze sê hulle het nie 'n scenario voorsien soos nou, dat dit soms gebeur dat diensleerders en bedienaars alleen in gemeentes opeindig nie.



Marnel Pelser, adjunkhoof van die Hoërskool Ficksburg, wat tans as bedienaar opgelei word. Foto: VERSKAF

Wie is wie?

■ **Predikante** is gelegitimeerde leraars, met gevorderde teologiese en kerklike opleiding (tot op meestersgraadvlak, insluitend Bybelse grondtote tot op twee-dejaarsvlak) wat, as praktykgerigte teoloe, die volle opdrag van gemeentebediening en -leierskap verrig.

■ **Diensleerders** is gelegitimeerde leraars, met 'n basisvlak teologiese en kerklike opleiding (tot op honneursvlak) wat in spesifieke bedieningsareas binne die gemeente en gemeenskap saam met en onder leiding van die gemeentepredikant werkzaam is.

■ **Bedienaars** is kerkraadslede, met inleidende teologiese en kerklike opleiding (tot op die vlak van 'n kerkgeakkrediteerde sertifikaat in teologie), wat die bevoegdheid ontvang om bedieningstake te verrig in samewerking met en onder die mentor-skap van gemeentepredikante. Bedienaars het nie sakramentbevoegdheid nie en kan dus nie die doop en nagmaal bedien nie, en word nie vir hul bedieningswerk besoldig nie.

“Die werklikheid het vinnig verander en ons bou eintlik die vliegtuig in vlug.”

Veiligheidsnette is daar wel, waarvan een voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) is en op 'n puntestelsel geskoei is.

“Almal wat in ampte in die NGK bevestig word, is verplig om by VBO in te skakel,” sê Knoetze.

Elke student, of jy leer om 'n predikant, diensleeraar of bedienaar te wees, ondergaan ook terselfdertyd kerklike opleiding deur die toepaslike kuratorium en word deel van 'n verpligte mentorskapsprogram. Boonop kry die ring waarin jou gemeente val jaarliks 'n verslag oor jou prestasie en vordering.

Weet wat jy glo

Koekoes van As (60) het 20 jaar se ervaring as jeugwerker op haar kerfstok. Sy en haar man het 16 jaar lank sendingwerk in Botswana gedoen en woon nou in Kamieskroon in die Noord-Kaap.

“Dis tussen Springbok en Garies – diep platteland,” sê sy. “Hier is baie bedieningsgeleenthede en 'n groot tekort aan opge-



Eintlik behoort alle gelowiges hierdie kennis te hê. Jy moet weet hoekom jy glo wat jy glo – dis al hoe ons die Koninkryk kan bou.

— MARNEL PELSER

leide predikers.”

Van As het reeds baie preekervaring opgedoen en glo dat Woordbediening haar roeping in die plaaslike kerk is.

“Maar ek het nie akkreditasie gehad om in die NG Kerk te preek nie.”

Sy het wel “preekvergunning”, wat beteken sy het toestemming om by geleentheid te preek. Toe sy hoor van Kast en dat dit haar “preekbevoegdheid” gee, het sy die geleentheid aangegryp.

“Die nood is net te groot. Die dominees kan nie byhou nie. Hulle druk dikwels op my knopie. Ek het al van Pofadder tot in Port Nolloth gepreek.”

Toe Marnel Pelser (35) van Ficksburg in die Vrystaat verlede jaar tydens 'n erediens van Kast hoor, het sy “regop gesit en gewet dit is iets wat ek wil ondersoek”. Haar gemeente is die enigste NG gemeente in die dorp en was in daardie stadium, grootliks om finansiële redes, al etlike maande sonder 'n permanente predikant.

'n Heel nuwe wêreld het vir haar oopgegaan met Kast, sê Pelser. “Ek is absoluut in my element. Dit is ongelooflik. 'n Lewensveranderende ervaring.”

Pelser, adjunkhoof van die Hoërskool Ficksburg, Engels-onderwyseres vir gr. 10 tot gr. 12-leerlinge en ma van twee kleuters, vertel hoe baie sy geleer het, veral in die modules oor kerkgeskiedenis en die vervolging van die kerk. Sy ondersoek reeds moontlikhede om haarself nog beter te kwalifiseer.

“Die kursus laat jou kerkwees en die liggaam van Christus in 'n heeltelmal nuwe lig sien,” sê sy.

“Eintlik behoort alle gelowiges hierdie kennis te hê. Jy moet weet hoekom jy glo wat jy glo – dis al hoe ons die Koninkryk kan bou.”

■ Ficks is 'n redaksieadres van Netwerk24.

